Visekanseliersnuusbrief
Uitgawe #1
7 Februarie 2008

Inhoud

Ter inligting - sake uit die vorige Raadsvergadering

Goeie nuus van 2007

Prestasies om te vier ten opsigte van spesifieke prioriteite wat vir 2007 gestel is

In hierdie uitgawe: Nuwe Institusionele Registrateur • Hersiene institusionele plan • 2008-begroting goedgekeur • Kultuur-en-Klimaat-opname • Toppresteerders • NNS-graderingstelsel • Prestasies

Dr Theuns Eloff, Visekanselier van die NWU

Klik hier om die Visekanselier se toespraak tydens die amptelike openingseremonies te lees

Beste Kollegas,

Ek vertrou dat julle almal 'n welverdiende rustyd gehad het en wens julle 'n baie goeie en konstruktiewe 2008 toe. Ek weet dat dit nie 'n vervelige jaar gaan wees nie, en ek sien daarna uit om die opwinding en uitdagings met julle te deel!

Ter inligting - sake uit die vorige Raadsvergadering

Ek het nog nie ná die laaste Raadsvergadering aan die einde van November met julle gekommunikeer nie, en wil graag die volgende sake onder julle aandag bring (die volledige nuusbrief van die Raad is beskikbaar by http://www.nwu.ac.za/i-news/council/index_a.html):

> Die termyn van professor Chris van der Walt, die **Institusionele Registrateur**, het op 31 Desember 2007 tot 'n einde gekom. Saam met die Bestuur het die Raad sy groot waardering teenoor professor Van der Walt uitgespreek, en sy bydrae tot die doeltreffende funksionering van die Raad sowel as die Universiteit erken. Hy is geloof vir sy lojaliteit tydens die samesmeltingsproses, waar hy waardevolle bydraes met insig en wysheid gelewer het – dikwels op 'n vrywillige basis. Ons almal wens hom alles van die beste toe ...
>
> Na 'n omvattende keuringsproses het die Raad met ingang van 1 Januarie 2008 vir dr NT (Themba) Mosia in die posisie van **Institusionele Registrateur** aangestel. Dr Mosia is 'n ervare administrateur wat voorheen by die voormalige Medunsa en die Universiteit van die Noorde, sowel as meer onlangs by die Raad op Gesondheidsberoepe werksaam was. Ek verwelkom dr Mosia graag en wens hom alles van die beste toe met sy nuwe loopbaan aan die NWU.
>
> Daar is kennis geneem dat die NWU na die eerste drie jaar die meeste van sy doelwitte bereik het wat in die Samesmeltings- en Inkorporasieriglyne van die Departement van Onderwys uiteengesit is. Met die stel van nuwe mikpunte vir die 2008-2010-tydperk, het die Raad die **hersiene institusionele plan** goedgekeur. Deur hierdie proses het ons bevestig dat dit ons missie bly om 'n gebalanseerde onderrig/leer-universiteit te wees en ons kundigheid op 'n innoverende wyse te implementeer. Die doelwitte is deeglik hersien. Die missie-elemente, doelwitte en mikpunte word nou in prestasie-ooreenkomste met bestuurders verwerk, en deur hierdie proses wil ons verseker dat ons ons missie verwesenlik.
>
> Die **2008-begroting** van R1,45 miljard is goedgekeur. Hierdie begroting loop nóú saam met die institusionele plan, en hiervolgens is R484 miljoen aan strategiese oorwegings toegesê, en wel soos volg:

- ’n Balans tussen onderrig-leer en navorsing (16,2%)
- Implementering van kundigheid (16,2%)
- Effektiewe bestuur, personeelontwikkeling en kwaliteitsversekering (11,2%)
- Transformasie (25,5%)
- Operasioneel (46,5%)

Terug na bo

Goeie nuus van 2007

Ander “goeie nuus” aan die einde van 2007 het die volgende ingesluit:

Ons sakeplan vir die voorbereiding en implementering van ’n doeltreffende **MIV/Vigs-strategie** is deur HESA goedgekeur en ons het ’n skenking van net meer as R3 miljoen van die Europese Unie ontvang.

Ek is bly dat ons uiteindelik die kwessie van die uitreiking van die **IRP5’s** opgelos het. Nogmaals dankie vir julle geduld hiermee. Met die integrasie van die verskillende stelsels wat nou voltooi is, behoort hierdie probleem nie weer op te duik nie.

Ons kan almal die sukses vier van die eerste **interkampus- sosiale dag**, wat op 9 November gehou is. Dit was inderdaad ’n vreugdevolle geleentheid en ons sien uit na die volgende geleentheid wat vir 7 Maart op die Vaaldriehoekkampus geskeduleer is.

Dankie aan almal wat aan die **NWU-Kultuur-en-Klimaat-opname** deelgeneem het. Die verslag behoort in Februarie gefinaliseer te word, waarna dit op 14 Maart voor die Raad gelê sal word. Terugvoer sal daarna aan die onderskeie kampusse gegee word, met spesifieke aanbevelings oor hoe om sekere areas te verbeter wat moontlik uitgewys kan word.

Nie al die personeel is dalk hiervan bewus nie, maar as deel van ons strewe na beter vergoeding is nog ’n stap aan die einde van verlede jaar gedoen toe bestuurders die 10% **toppresteerders** (die bestuur uitgesluit) op elke kampus asook in die institusionele kantoor geïdentifiseer het. Hierdie personeellede, wat op grond van volgehoue hoë prestasie, strategiese belangrikheid en/of die besit van skaars vaardighede geïdentifiseer is, het ’n bonus ontvang, en waar van toepassing is hul vergoeding aangepas. Aan die einde van hierdie jaar sal ons die 20% toppresteerders identifiseer, en ons hoop dat almal daarna sal streef om in daardie groep te wees!

In ooreenstemming met ons strewe om deelname aan die **NNS-graderingstelsel** te verhoog, het ons goeie nuus: die getal kollegas wat graderings of nuwe graderings van die NNS gekry het, het tot 94 toegeneem (ons wag nog vir die uitslag van een nuwe aansoek en drie herevaluerings). Ten opsigte van die herevaluerings wil ek graag vir prof Marius Potgieter van die Eenheid vir Ruimtefisika aan die Potchefstroomkampus, wat ’n A1-gradering gekry het, gelukwens. Dit is die hoogste gradering wat wetenskaplikes van die NNS kan ontvang en dis die eerste keer dat dit die NWU te beurt val. Nog ’n eerste is die feit dat prof Herrie van Rooy van die Fakulteit Teologie die eerste NWU-kollega geword het wat ’n B-gradering in die menslike en sosiale wetenskappe ontvang het. Geluk ook aan hom. Die nuwe aansoekers wat graderings ontvang het, is:

- prof Riaan de Jongh (C2)
- prof Hein Neomagus (C2)
- prof Frank Winde (C3)
- dr Carlos Bezuidenhout (L)
- dr Du Toit Loots (Y1)
- dr Karina Mostert (Y1)
- mnr Jacques Petzer (Y2)
- dr Jaco Pienaar (Y2)
- dr Marlien Pieters (Y2)
- dr Andrea Saayman (Y2)

Terug na bo

Prestasies om te vier: goeie vordering ten opsigte van prioriteite wat vir 2007 gestel is

In die hoëronderwyssektor is daar hoë waardering vir die stabiliteit en sukses van die NWU as ’n saamgesmelte universiteit, en die kern van hierdie positiewe persepsie is die feit dat ons ons mikpunte bereik. Hoewel die meeste van die statistiek oor sleutelprestasie-aanwysers, byvoorbeeld die deurvloeikoers en artikels gepubliseer, eers vroeg in 2008 beskikbaar sal wees, dui alles daarop dat goeie vordering gemaak is ten opsigte van die spesifieke prioriteite wat vir 2007 gestel is, en kortliks kan ons die volgende **prestasies** vier:

Die NWU is tydens die jaarlikse PricewaterhouseCoopers-kompetisie vir doeltreffende en korporatiewe bestuur aangewys as die universiteit wat die beste bestuur word.

Die nuwe logo en handelsmerkstrategie is aanvaar en word geïmplementeer, en sal in die loop van 2008 voltooi word.

Soos deur die Statuut voorgeskryf, is die oorblywende strukture suksesvol geïmplementeer en is die meeste van die integreringsbeleid, -reëls en -prosedures voltooi.

Goeie vordering is met die stabilisering van die Oracle-gebaseerde Ondernemingshulpbronbeplanning-stelsel (OHB-stelsel) gemaak, en die integrasie van die IT-stelsels, wat die IT-infrastruktuur van die verskillende kampusse op gelyke voet plaas, is amper voltooi.

Sover dit die deurlopende hersiening van die Programkwalifikasiemengsel (PKM) aangaan, is ’n aantal programme tydens die jaar bygevoeg.

Goeie vordering is met die proses van belyning van akademiese programme gemaak. Belynde programme is reeds ingesluit by die akademiese jaarboeke vir 2008. Met strukturele sake in plek kan ons verwag om in 2008 vinnig te vorder.

Die vestiging van Aanvullende Onderrig (AO) op al drie kampusse was suksesvol. ’n Tweede institusionele stelsel wat op die gehalte van die onderrig en leer op die kampusse gerig is, was die suksesvolle bekendstelling van die verpligte Institusionele Kursus vir Nuwe Dosente. Die Institusionele Toekenning vir Onderriguitnemendheid (ITOU) het meegewerk om die onderrigvermoë van die dosente te verbeter.

Die proses om die toelatingsvereistes op die onderskeie kampusse te laat ooreenstem, is feitlik voltooi, en vanaf Januarie 2008 het die NWU dieselfde toelatingsvereistes vir omtrent al die fakulteite op sy kampusse.

Die inskrywingsplan tot 2010 is aan die Minister van Onderwys voorgelê en aanvaarding daarvan deur die kabinet word afgewag.

’n Tweede kultuur-en-klimaat-opname is aan die einde van 2007 uitgevoer.

Die proses rakende ’n etiese en gedragskode het die formulering van vier doenwaardes tot gevolg gehad: integriteit, verbintenis, aanspreeklikheid en respek. Die praktiese toepassing hiervan sal in 2008 voortgaan.

Die toepassing van die NWU se beleid van funksionele veeltaligheid het sonder enige probleme in 2007 voortgegaan. Die NWU se taalplan is in Junie 2007 aan die Minister voorgelê.

Om die gevoel van een universiteit te bevorder, het meer as 300 personeellede van al drie kampusse en die Institusionele Kantoor op 9 November 2007 aan ’n dag van sosiale sport en interaksie deelgeneem.

Na die billikheidsdoelwitte wat betref die verskillende persentasies herbereken is, het die indiensnemingsgelykheidsprogram onverpoosd voortgegaan. Volhoubare vordering is gemaak. Van die 336 aanstellings wat tydens die eerste maande van 2007 regoor die Universiteit gemaak is, was 38,1% byvoorbeeld swart Suid-Afrikaners, terwyl 53,3% vroulik was.

Goeie vordering is ten opsigte van geboue en fasiliteite gemaak. Bouprojekte (insluitende kleiner opgraderings en makro-instandhouding) van ongeveer R80 miljoen is voltooi (of is in die proses van voltooiing voor die einde van die jaar).

In samewerking met Hoër Onderwys Suid-Afrika het die NWU ’n sakeplan vir ’n skenking van meer as R3 miljoen voorgelê om ’n doeltreffende MIV/Vigs-strategie op te stel en te implementeer. Dit was suksesvol en sal vanaf Januarie 2008 in werking gestel word.

Die kwaliteitsbeleid is hersien en die interne programhersienings het voorgegaan. Goeie vordering is met betrekking tot die HOKK-oudit gemaak, en hoewel die HOKK ’n wysiging aan die datum vir die Institusionele Oudit aangekondig het, het die NWU besluit om nie die momentum te verloor wat reeds deur die selfvalueringsproses verkry is nie. Die vyfde konsep van die selfevalueringsportefeulje het die punt bereik waar dit nou aan ’n groter bestuurs- en akademiese gehoor versprei sal word vir kommentaar en kritiek. Dit sal die laaste werkskonsep wees. In 2008 sal die

portefeulje vir kommentaar gestuur word aan alle belanghebbendes wat moontlik by die 2009-oudit betrokke kan wees. Dit sal ’n grondige bespreking met die Raad oor die inhoud van die portefeulje insluit.

’n Nuwe “navorsingsentiteitsmodel” is aanvaar, ingevolge waarvan enige skool op enige kampus vanaf ’n nisarea na ’n fokusarea, na ’n eenheid, en uiteindelik na ’n sentrum van uitnemendheid kan beweeg.

'n Omvattende raamwerk vir kommersialisering is gefinaliseer. Die wese hiervan is die stigting van ’n trust as “besitinstrument” van alle handelsaktiwiteite.

’n Spesifieke raamwerk vir gemeenskapsbetrokkenheid as ’n noodsaaklike deel vir die implementering van kundigheid is gefinaliseer.

Wat betref patente is die NWU steeds die voorste universiteit in Suid-Afrika, met 86 patente wat gehou word en 77 onder oorweging.

Die NWU het in 2007 weer eens die DvO-mikpunt bereik wat vereis dat universiteite nie meer as 57,5%–63% van hulle primêre inkomste aan personeeluitgawes bestee nie.

Die prestasiebestuurstelsel is voorts op die Mafikengkampus ingestel (tot op die vlak van direkteure) en op die ander twee kampusse in stand gehou.

Die werknemerswelstandprogram is in stand gehou en verder uitgebrei.

Finansiële aanwysers dui daarop dat 2008 weer eens ’n baie goeie jaar sal wees, met ’n verwagte klein oorskot.

Spesifieke projekte wat deur die IB geïdentifiseer is, het goed gevorder, byvoorbeeld:

- Die sokkerinstituut op die Mafikengkampus is in April 2007 van stapel gestuur en funksioneer goed.
- ’n Nagraadse loopbaansentrum is teen die einde van 2007 gestig en sal teen die einde van Junie 2008 in volle werking wees.
- ’n Kantoor vir Institusionele Bevordering (fondsinsameling) is geopen.
- ‘n Inisiatief om ’n klein netwerk van eendersdenkende universiteite bestaande uit die NWU, London South Bank University, die Vrije Universiteit van Amsterdam en Montclair State University in die VSA tot stand te bring, is tydens ’n suksesvolle werkswinkel op 10 en 11 November van stapel gestuur.

Sodra die Institusionele Plan verfyn is, sal ek van die doelwitte met julle deel.

Wel, genoeg hiervan! Die jaar met al sy uitdagings en opwinding lê voor ons. Ek wens julle almal ’n suksesvolle, konstruktiewe en besielende jaar toe. Mag ons saam werk om die NWU ’n nóg beter plek te maak om by te werk!

Vriendelike groete

Theuns Eloff
Visekanselier

Stuur asseblief enige nuus, voorstelle, opmerkings of inligting vir hierdie nuusbrief na Marelize.Santana@nwu.ac.za

Terug na bo